# ***BEPALINGS VAN WEDSTRYDE***
# ***STIPULATIONS OF THE COMPETITIONS***

| | | |
|---|---|---|
| 1. | **INSKRYWINGS**<br><br>Slegs aanlyn inskrywings word aanvaar. Ons webtuiste: www.brakpankunswedstryd.co.za Inskrywings sluit 9 April 2019.<br><br>NB. GEEN LAAT INSKRYWINGS SAL DEUR DIE SEKRETARIS ONTVANG WORD NIE.<br><br>Geen Tjeks sal aanvaar word nie.<br><br>• Inskrywingsgelde is nie terugbetaalbaar nie, behalwe in gevalle waar die betrokke wedstryde nie plaasvind nie.<br>• Net 10 seuns en 10 dogters per skool per voorgeskrewe item, mag inskryf.<br>• Privaatinskrywings word aanvaar. Dit mag vereis word dat 'n volwassene privaatinskrywer se werk moet sertifiseer as die inskrywer se eie werk.<br>• Elke afdeling van die kunswedstryd het sy eie stel reëls waarvan deelnemers deeglik moet kennis neem.<br>• Oortreding van hierdie reëls stel die deelnemer bloot aan diskwalifisering.<br>• Geen deelnemer mag 'n werk in dieselfde, of gewysigde vorm, voordra wat by Brakpan Kunswedstrydvereniging die afgelope drie jaar aangebied is nie.<br>• Afskrifte van items waar 'n eie keuse van toepassing is, moet aan die beoordelaar beskikbaar gestel word. Hierdie afskrifte sal nie teruggegee word nie. | **ENTRIES**<br><br>• Only online entries accepted. Visit our website www.brakpankunswedstryd.co.za<br>• Entries close 9 April 2019.<br><br>NB. NO LATE ENTRIES WILL BE ACCEPTED BY THE SECRETARIES.<br><br>No Cheque payments will be accepted<br><br>• Entry fees are not refundable, except in the case of a section being cancelled.<br>• Only 10 boys and 10 girls per school may be entered in a prescribed item.<br>• Private entries are accepted. An adults' signature might however be necessary to prove that it is the competitor's own work.<br>• Each section has its own set of rules.<br>• Competitors must adhere to these rules, otherwise they will be disqualified.<br>• No competitor may perform any work in the same or different form which has been used in Brakpan Eisteddfod for the previous 3 years.<br>• Copies of own choice items must be handed in to the adjudicator. This copy will be kept for further reference. |
| 2. | **REëLS VIR MEDEDINGING**<br><br>• Waar die ouderdom van die deelnemer genoem word, word die ouderdom bepaal volgens die aantal jare wat hy/sy voor 1 Januarie van die betrokke jaar deurgeleef het.<br>• Waar ouderdom of graad bepaal word, sal 'n mededinger slegs in daardie ouderdomsgrens/graad van die wedstryd mag deelneem. Dit is slegs in die KUNSAFDELING waar die deelnemer ook in die OOPAFDELING mag inskryf.<br>• In geval van groepitems mag nie een van die deelnemers die ouderdomsgrens oorskry nie.<br>• Besware oor enige wedstryd moet skriftelik by die sekretaresse ingelewer word binne 24 uur na bekendmaking van die uitslag. Die dagbestuur sal so gou moontlik aandag gee aan die beswaar. Elke klagte moet | **RULES FOR COMPETITORS**<br><br>• Where the age of the competitor is mentioned, it must be calculated according to the number of years he/she has lived through before 1st January.<br>• Where an age or standard restriction is mentioned, the competitor will only be allowed to complete within the age or standard. It is only in the art sections that competitors are allowed to enter in the OPEN section as well.<br>• In the case of group items, not even one of the group members is allowed to be over-aged for the specific item.<br>• Any complaint regarding the adjudication of a competition must be handed to the Secretary in writing within 24 hours after adjudication. The committee will then give attention to this matter as soon as possible. |

| | | |
|---|---|---|
| | vergesel wees van die bedrag van R50,00 wat deur die Bestuur verbeurd verklaar sal word as die klagte nie gehandhaaf word nie. Die beswaarmakende persoon mag op geen ander manier sy ontevredenheid bekend maak voordat die Bestuur op die beswaar geantwoord het nie.<br>• Geen persoon behalwe die betrokke beamptes, mag die beoordelaar aanpsreek direk voor, gedurende of direk na 'n wedsryd nie.<br>• Geen toekennings sal gemaak word as die deelnemers dit nie verdien nie. Die beoordelaar sal die reg hê om toekennings terug te hou of te verdeel. Die besluit van die beoordelaar is finaal. Slegs A, A+, A++, en A+++ simbole sal in berekening gebring word vir toekennings.<br>• Die Bestuur het die mag om wanneer die beoordelaars vir een of ander rede nie kan optree nie, bykomende beoordelaars aan te stel waar nodig.<br>• Leerlinge wat deelneem aan groepitems moet op datum van die kunswedstryd in die skoolregister ingeskrewe wees.<br>• Itemwenners word deur die beoordelaars aangewys.<br>• Besonderhede op inskrywingsvorms moet absoluut korrek wees veral ten opsigte van spelling van name en vanne. Dit is ook die deelnemer se verantwoordelikheid om toe te sien dat die inligting op die deel-nemerskaartjie korrek en volledig is. Sertifikate sal alleen oorgeskryf word, as bewys van nalatigheid deur die beampte bewys kan word.<br>• Seuns en dogters word op aparte vorms ingeskryf. Slegs deelnemers aan DIESELFDE ITEM, mag op dieselfde vorm inskryf.<br>• Indien 'n deelnemer van voorneme is om te onttrek, moet die afdeling-sekretaris ten minste 2 dae voor die tyd ingelig word. Deelnemers wat sonder grondige redes onttrek, stel hulleself bloot aan toekomstige weiering tot deelname aan die kunswedstryd.<br>• Geen inskrywings sal aanvaar word vir items wat nie in die sillabus aangebied word nie. | Each complaint must be accompanied by the amount of R50,00 which will be returned in the case of the complaint being valid. The complainant is not permitted to air his/her displeasure in any matter before the Committee has had the opportunity to react to the written complaint.<br>• No unauthorized person is allowed to talk to the adjudicator before, during or directly after a competition.<br>• No awards will be made where participants do not deserve it. The adjudicator has the right to withhold or share awards. The adjudicator's decision is final. Only A, A+, A++ and A+++ symbols will be taken into account for awards<br>• The Committee has the right to appoint extra adjudicators can not fulfill their tasks. They also have the right to appoint extra adjudicators when necessary.<br>• Participants in group items must be registered pupils of the school.<br>• Item winners will be announced by the adjudicator.<br>• Particulars on entry forms must be absolutely correct i.e. spelling of names, etc. It is the participant's responsibility to check particulars before the competitor's card is handed to the secretary. Certificates will only be substituted in cases where the secretary has made a mistake.<br>• Boys and girls must be entered on different forms. Only participants taking part in the SAME ITEM may be entered on the same form.<br>• Should a participant decide to withdraw, the secretary must be notified two days in advance. Participants withdrawing without good reason may be refused future entry.<br>• No entries will be accepted for items not in the syllabus. |
| 3. | **TOEKENNINGS**<br><br>**Sertifikate**<br>A+++ 95 - 100 % (Prestige)<br>A++ 90 - 94 % (Diploma)<br>A+ 85 - 89 %<br>A - 80 - 84 %<br>B - 70 - 79 %<br>C - 69 % en minder | **AWARDS**<br><br>**Certificates**<br>A+++ 95 - 100 % (Prestige)<br>A++ 90 - 94 % (Diploma)<br>A+ 85 - 89 %<br>A 80 - 84 %<br>B 70 - 79 %<br>C 69 % and less |

| | | |
|---|---|---|
| | **Item**wenners:<br>• Individuele items: 85 % en hoër<br>• Duo Items: 85 % en hoër (beide leerlinge)<br>• Trio's, kwartette, ensembles en sanggroepe – sertifikaat aan elke deelnemer met itemwenner plakker, plus een toekenning.<br>• Sangkore – sertifikaat aan elke deelnemer met itemwenner plakker.<br>• Volkspele – sertifikaat aan elke deelnemer met itemwenner plakker.<br>• Spreekkore – sertifikaat aan elke deelnemer met itemwennerplakker.<br>• **Sertfikate van toepassing waar 'n A of hoër deur 'n groep verwerf word. Skole moet egter self die sertifikate skryf.**<br><br>SKENKING VAN TROFEë IS ONDERHEWIG AAN GOEDKEURING VAN DIE BESTUUR<br><br>**Veelsydigheidstrofeë** (Voorskools, Laerskool en Hoërskool)<br><br>**OM IN AANMERKING TE KOM**<br><br>• 'n Leerling moet vir ten minste DRIE afdelings ingeskryf wees.<br>• Slegs individuele items word in aanmerking geneem.<br>• Slegs diplomas en A-simbole sal in berekening gebring word.<br><br>Puntetoekenning:<br>A+++ 95 punte<br>A++ 90 punte<br>A+ 85 punte<br>A 80 punte<br>Itemwenner 10 punte<br>Trofeë 30 punte<br><br>Indien twee of meer deelnemers dieselfde totaal behaal, sal die trofeë gedeel word.<br>Deelnemers wat meeding om die veelsydigheidstrofeë se afrigters kan met Me H Bruinette in verbinding tree om punte te kontroleer VOOR toekenning van hierdie trofeë.<br>(079 891 7998)<br><br>Prestige trofeë (Laerskool en Hoërskool) word toegeken aan individu of groep met die hoogste persentasie | **Item** winners:<br>• Individual items: 85% and above<br>• Duo items: both pupils 85% and above<br>• Trio's, quartets, ensembles and singing groups – certificate for each participant with sticker denoting item winner.<br>• Choirs – certificate for each participant with sticker denoting item winner.<br>• Folk dancing: certificate for each participant with sticker denoting item winner, plus one award<br>• Choral Verse: certificate for each participant with sticker denoting item winner.<br>• **Certificates only applicable when an A or higher symbol was achieved by group Schools will have to complete own certificates.**<br><br>DONATION OF TROPIES IS SUBJECT TO APPROVAL OF THE COMMITTEE<br><br>Trophy – Most Versatile Pupil (Pre-Primary, Primary and High School)<br><br>**TO QUALIFY:**<br><br>• Pupil must have entered in at least three sections.<br>• Only individual items will be taken into account.<br>• Only diplomas and A certificates will be used in the calculation.<br><br>Point allocation:<br>A+++ 95 points<br>A++ 90 points<br>A+ 85 points<br>A 80 points<br>Item Winner 10 points<br>Trophy 30 points<br><br>Where a tie takes place between two competitors, the trophy will be shared. Coaches of participants competing for this trophy, may contact Mrs H Bruinette to verify points BEFORE allocation of this trophy.<br>(079 891 7998)<br><br>Prestige trophies (Primary and High School) will be awarded to the person/group with highest percentage. |
| 4. | <u>**REGTE VAN DIE BESTUUR**</u><br><br>Die bestuur het die reg om | <u>**RIGHTS OF THE COMMITTEE**</u><br><br>The committee has the right to: |

| | | |
|---|---|---|
| | • Deelnemers op te roep om ‘n item te herhaal indien die beoordelaar dit nodig vind.<br>• Te beslis of ‘n finale wedstryd voor die publiek sal plaasvind of nie.<br>• In alle geskille wat daar mag ontstaan, ‘n uitspraak te gee wat as finaal beskou moet word deur alle persone.<br>• Nader bewys te eis van die oorspronklikheid van ingelewerde stukke en juisheid van die informasie op die inskrywingsvorm.<br>• Bekroonde mededingers op te roep om sonder enige vergoeding deel te neem aan ‘n uitvoering deur deelnemers soos geselekteer deur die bestuur. | • Recall a competitor to repeat an item in case the adjudicator requests it.<br>• Decide whether a final competition will take place before the public or not.<br>• Give a final verdict in the case of a difference that may arise.<br>• Demand proof of the originality of an entered piece, as well as the authenticity of information given on the entry form.<br>• Call on successful competitors to take part in a concert with other competitors selected by the committee without embursement for this service. |